

Voorlopige verslag

*ONDERSOEK NA DIE OORSAKE EN GEVOLGE
VAN DIE SKERP STYGINGS IN KUNSMISPRYSE*

Deur

Philip Theunissen

M.Com. (Ondernemingsbestuur)

M.Com. (Forensiese Rekenmeesterskap)

Ph. D. (Ondernemingsbestuur)

Namens

TLU SA

In opdrag van

S Roux Ingelyf Prokureurs

Bethlehem

September 2009

OPSOMMING

Hoewel die Suid-Afrikaanse kunsmisbedryf veronderstel was om ongereguleerd binne 'n vrye mark te funksioneer, het 'n kunsmiskartel 'n verwringing van kleinhandelpryse op die plaaslike kunsmismark tot gevolg gehad. Die kartel het mettertyd 'n ondeurdringbare skans rondom die beskikbaarheid van grondstowwe gebou en kon sodoende sy eie voorafooreengekome kleinhandelpryse op die plaaslike kunsmismark afdwing. Die ontbloting van 'n kartel binne die strukture van plaaslike kunsmisverskaffing dui daarop dat boere vir langer as 'n dekade aansienlik meer vir hul kunsmis betaal het as wat billik en regverdig vir plaaslike omstandighede was.

Daar bestaan nie fundamentele substansie waarom kunsmispryse, internasionaal sowel as plaaslik, gedurende 2008 so skerp moes styg nie. Internasionale kunsmiskartelle het eerder die euforie van voedseltekorte en die spekulاسie rondom ru-oliepryse gebruik om buitensporig hoë kunsmispryse op Indië en China, die twee grootste kunsmisverbruikers in die wêreld, af te dwing terwyl daardie lande se regerings in omvangryke kunsmissubsidies met hulle eie boere vasgevang was. Dit het onvermydelik daartoe gelei dat verskaffers in ander lande, Suid-Afrika ook, die hoë kunsmispryse van Asië as verskoning gebruik het om hulle eie plaaslike pryse te verhoog.

Die Suid-Afrikaanse boer is nie in staat om kunsmiskoste verder in die waardeketting deur te gee nie en het ook nie die produksieruimte om die koste te vermy deur alternatiewe gewasse, waarvan die kunsmiskoste laag is, te produseer nie. Gevolglik moet hy stygings in kunsmiskoste uit sy eie wins absorbeer. Die enigste alternatief wat vir die boer oorbly is om eerder sy grond uit produksie te onttrek en dit vir ander kommersiële doeleindes, soos behuising of toerisme, aan te wend. Sou hy dit doen, hou die hoë onbestendige vlakke van kunsmispryse dus 'n wesentlike bedreiging vir die volhoubare produksie van akkerbougewasse en veeprodukte in en bring dit Suid-Afrika se voedselsekuriteit ernstig in die gedrang.

SAMEVATTING VAN DIE ONDERSOEK

Kunsmispryse het aan die einde van 2007 en ook vir die grootste gedeelte van 2008, skerp gestyg. In sommige gevalle het pryse tot drie keer hoër as 'n jaar vantevore gestyg. Dit het, plaaslik en internasionaal, tot 'n koor van protes gelei en beskuldigings het die rondte gedoen dat pryse kunsmatig opgejaag is sodat vervaardigers in die voorspoed van hoër graan- en oliesaadpryse kan deel. Daar teenoor beweer verskaffers dat die vraag na kunsmis gedurende die tydperk ontplof het, grondstowwe beperk was en dat aanlegte tot hul maksimum vermoë ingespan was.

Hoewel produkpryse ook gestyg het, het dit nie tot dieselfde mate as kunsmispryse toegeneem nie. Vir die plaaslike saai- en veeboer beteken dit 'n verhoging in produksierisiko's en bring dit hulle finansiële volhoubaarheid in die gedrang.

Die hoë kunsmispryse het 'n wesentlike impak op die boer se winsgewendheid. Daar is teenstrydigheid oor wie of wat werklik vir die verhoogde kunsmispryse verantwoordelik was en 'n feitelike ondersoek na die hoë kunsmispryse se oorsake en gevolge was dus nodig om alle fasette van kunsmisvervaardiging en -verbruik te ontleed.

1. DOELSTELLINGS

'n Behoorlike feitelike ondersoek na alle fasette van die kunsmisbedryf moes die antwoorde aan Suid-Afrikaanse boere verskaf oor wat die werklike oorsake van hoë kunsmispryse en die gevolge daarvan is.

Met betrekking tot kunsmisvervaardigers, is die volgende aspekte ondersoek:

- Hoe lyk die struktuur van kunsmisverskaffing in Suid-Afrika? Wie verskaf grondstowwe, wie vervaardig kunsmis, wat is hulle kapasiteit, hoe word hulle kunsmis versprei en wat is elkeen se markaandeel?
- Hoe lyk die internasionale struktuur van wêreldwye kunsmisverskaffing? Wat is die internasionale vraag na en aanbod van die vernaamste kunsmissoorte? Wat is die produksiekapasiteit van hierdie kunsmissoorte en is daar voldoende kapasiteit om aan die toekomstige vraag na kunsmis te voorsien?
- Hoe het die plaaslike kunsmisbedryf gefunksioneer? Wat was die impak van pryssamespanning en markverdeling soos wat pas deur die Mededingingskommissie ontbloot is?
- Is daar fundamentele substansie vir die faktore wat deur internasionale kunsmis-ontleders aangevoer word as die oorsake van die skerp stygings in kunsmispryse? Was daar nie dalk ander faktore, wat minder bekend is, wat die prysstygings kon veroorsaak het nie?

Met betrekking tot boere, is die volgende aspekte ondersoek:

- Wat was die basis waarvolgens plaaslike kunsmispryse vasgestel was? Was plaaslike kunsmispryse binne die Suid-Afrikaanse boer se finansiële vermoëns vasgestel? Wat was die impak van kunsmiskartelle op plaaslike prysvlakke?
- Wat is die impak van stygende kunsmispryse op die produksiekoste en uiteindelik die winsmarges van boere? Hoe vergelyk die koste van kunsmis met dié van ander produksiemiddele? Hoe vergelyk die koste van kunsmis met graan- en oliesaadpryse?
- Wat is die kwaliteit van plaaslike kunsmis? Kan die boer die spesifikasies van plaaslike kunsmis vertrou?

Die ondersoek moes uiteindelik die vraag beantwoord of die oorsake van die skerp prysstygings, spesifiek binne die Suid-Afrikaanse konteks, geldig was en of dit dalk eerder as verskoning aangevoer is om buitensporig hoë pryse op die boer af te dwing.

2. METODE VAN ONDERSOEK

Ten einde die doelstellings van die ondersoek te kon bereik, is daar tydens die aanvanklike navorsing van die volgende bronne gebruik gemaak:

- Verskeie persoonlike onderhoude met betrokkenes binne die kunsmisbedryf;
- Verskeie mediaberigte;
- Jaarverslae van 'n aantal maatskappye binne die kunsmisbedryf;
- Verskeie dokumente wat inligting oor internasionale kunsmisgebeure bevat;
- Verskeie databasisse met tydreekse oor kunsmis-, landbou- en ekonomiese statistieke;
- Verskeie produksiegidse.

Inligting uit hierdie bronne is of in teksgedeeltes aangebied of verder met behulp van Microsoft Excel statisties ontleed en dan in tabelle en grafieke weergegee. Daar is ook van ander kundiges gebruik gemaak om sekere agtergrondgedeeltes van die ondersoek te voltooi.

3. STATUS VAN DIE ONDERSOEK

Die aanvanklike doel van die ondersoek was om die skerp styging van kunsmispryse se oorsake en gevolge vanuit 'n landbou-ekonomiese oogpunt te benader. Hoewel daar aan hierdie behoefte voldoen is, het dit ook duidelik geword dat daar nie bloot net 'n ekonomiese en/of landbou-ekonomiese verklaring vir die stygende kunsmispryse was nie. Sekere van die bevindinge toon onreëlmatighede in die vaststelling van kunsmispryse en skep meriete vir verdere stappe deur boere. Hierdie verslag is egter nie in die formaat van 'n dossier opgestel nie en dit is ook nie gerugsteun deur beëdigde verklarings en gewaarmerkte kopieë van brondokumente nie. Dit moet dus eerder as 'n deskundige verslag gesien word wat as kundigheidsgetuienis aangebied kan word.

4. PROBLEME MET DIE ONDERSOEK ONDERVIND

Daar is 'n aantal probleme met die uitvoering van die ondersoek ondervind. Hierdie probleme behels die volgende:

- 'n Klein begroting vir die omvang van die ondersoek wat beteken het dat sommige aspekte nie in diepte ondersoek kon word nie weens 'n gebrek aan fondse;
- Sommige databasisse se tydreeks, veral internasionale kunsmisproduksie en óverbruik, is nog nie tot en met die einde van 2008 gefinaliseer nie. Gevolglik word van die syfers as óvoorlopigö of öskattingsö aangedui;
- Bewysstukke wat voor die Mededingingskommissie gedien het is nie vir die publiek beskikbaar nie en die status van hierdie ondersoek het nie toegang daartoe moontlik gemaak nie;
- As gevolg van die feit dat die Mededingingskommissie se ondersoeke oor die kunsmisbedryf nog nie afgehandel is nie, is veral die geïmpliseerde kunsmis-maatskappye nie gemaklik om inligting oor hulle aktiwiteite bekend te maak nie;
- Daar is geen afsonderlike openbaarmaking van kunsmisbedrywighede in maatskappye, wat ook ander bedrywighede beoefen, se jaarverslae nie.

Hoewel bogenoemde probleme nie die bevindinge van die ondersoek wesentlik beïnvloed het nie, sou die uitkakeling daarvan kon bydra dat die ondersoek meer volledig uitgevoer kon word.

5. SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS

Hierdie ondersoek het gepoog om die oorsake en gevolge van die buitensporige skerp stygings van plaaslike kunsmispryse vir die tydperk van 2006 tot 2008

vasstel. Om dit te kon doen is die funksionering van die plaaslike kunsmisbedryf binne die internasionale speelveld van kunsmisproduksie en -verbruik eers beskryf. Tweedens is daar gepoog om vas te stel wat die interaksie tussen kunsmisvervaardigers, kunsmisvermengers en boere onderling was. Daarna is die prysbeleid van plaaslike kunsmisverskaffers ontleed sodat die impak daarvan op die boer se winsgewendheid bereken kon word.

5.1. DIE SUID-AFRIKAANSE KUNSMISBEDRYF

Die plaaslike kunsmisbedryf voorsien jaarliks kunsmisprodukte van sowat 2 miljoen ton ten bedrae van R10 miljard aan die plaaslike mark. Dit verteenwoordig ongeveer 20% van die Suid Afrikaanse chemiese bedryf, olie uitgesluit. Die Suid-Afrikaanse kunsmisbedryf is, soos wat dit huidig bestaan, ten volle blootgestel aan wêreldmarkte en funksioneer in 'n totaal gedereguleerde omgewing met geen invoertariewe of regeringsondersteuning nie.

Die plaaslike bedryf gaan aan toenemende druk onderwerp word in sy kompetisie met die invoere van kunsmisprodukte uit die wêreldmark. Die bedryf word gekenmerk deur oneffektiwiteit wat ontstaan as gevolg van die oormaat en duplisering van bronne en verdere rasionalisasie mag nodig wees om die suksesvolle voortbestaan van die plaaslike kunsmisbedryf te verseker.

5.2. DIE INTERNASIONALE KUNSMISBEDRYF

Internasionale kunsmisverbruik het in die onlangse verlede konstant gebly en selfs dalings in Wes-Europa en Noord-Amerika getoon. Daar is terselfdertyd 'n toename in verbruik in China en Asië. Hierdie veranderings stem ook ooreen met produksiepatrone deurdat Asië, Oos-Europa en Latyns-Amerika hulle kunsmisvervaardiging drasties verhoog het terwyl Wes-Europa en Noord-Amerika se produksie afgeneem het. Die vooruitsigte vir 'n algehele toename in die vraag na kunsmis blyk egter moontlik te wees vanaf 2010 wanneer daar verwag word dat ekonomiese aktiwiteite wêreldwyd weer sal toeneem, namate die resessie verswak.

Oor die korttermyn is die vooruitsigte vir die wêreld se vraag- en aanbodbalans een van moontlike surplusse, as gevolg van die wesentlike afname in kunsmisverbruik gedurende 2008/09. Indien kunsmis se aanvraag in die nabye toekoms teen 'n konstante koers groei, sal die beoogde nuwe projekte daartoe bydra dat surplusse van kunsmisvoorrade tot ten minste 2013 sal bly vergroot.

Moontlike surplusse sal veral in fosfaat en potas ontstaan, tensy die wêreld se aanvraag gouer en sterker as wat verwag word gaan herstel, of tensy die oprigting van nuwe kapasiteit beduidende vertraging ervaar. In die geval van stikstof kan daar tekorte in 2010/11 in ureum en ammoniak ervaar word. Oor die langtermyn kan die massa-uitbreiding van stikstofkapasiteit vanaf aangekondigde projekte groot potensiële surplusse in 2012 veroorsaak.

In die eerste helfte van 2009 het die kunsmismark baie stil vertoon toe boere hulle toediening van kunsmis aggressief besnoei het. Die vooruitsigte vir 'n herstel in kunsmis se aanvraag is vanaf 2010 moontlik, aangesien boere wat hul kunsmistoediening in reaksie op die wêreldwye resessie teruggesnoei het, hulle kunsmisaankope kan verhoog in reaksie op die verbetering van pryse vir hulle produkte en die gepaardgaande verhoging in winsmarges.

5.3. DIE STRUKTUUR VAN PLAASLIKE KUNSMISVERSKAFFING SE INVLOED OP PLAASLIKE KUNSMISPRYSE

Hoewel die Suid-Afrikaanse kunsmisbedryf veronderstel was om ongereguleerd binne 'n vrye mark te funksioneer, het 'n kunsmiskartel, waarby Sasol, Omnia, Kynoch en Foskor geïmpliseer word, 'n verwringing van kleinhandelpryse op die plaaslike kunsmismark tot gevolg gehad. Foskor het korporatiewe vrywaring by die Mededingingskommissie vir sy rol in die kartel gekry terwyl Sasol skuld op die aanklag van pryssamespanning erken het. Omnia en Kynoch staan steeds die aanklag teen ten spyte van die feit dat hulle in Sasol se ooreenkoms met die Mededingingskommissie geïmpliseer word.

Die kartel het volgens die Mededingskommissie se bevindinge mettertyd 'n ondeurdringbare skans rondom die beskikbaarheid van grondstowwe gebou en kon sodoende sy eie voorafooreengekome kleinhandelpryse op die plaaslike kunsmismark afdwing. Die ontbloting van 'n kartel binne die strukture van plaaslike kunsmisverskaffing dui daarop dat boere vir meer as 'n dekade lank te veel vir hulle kunsmis betaal het. Daar is egter aanduidings dat die vrye mark reeds op kleinhandelvlak herstel het en dat die prysbedinging op plaasvlak meer effektief as voorheen is.

Die plaaslike kunsmisverskaffers se manipulerings van kunsmispryse blyk ná die ontbloting van die kartel vir eers iets van die verlede te wees maar daar hang 'n donker wolk oor die prys van fosfaat. Foskor, wat tans via die *Industrial Development Corporation* (IDC) grootliks deur die Staat besit word, het 'n baie duidelike intensie om op die Johannesburgse Effektebeurs te noteer. Daarom jaag hy winste na deur enersyds die IDC se aandeelhouderslening van R1,45 miljard af te los en om andersyds homself as 'n aantreklike belegging voor te hou. Sy huidige gunstige winsmarges, as gevolg van sy prysbeleid, saam met die feit dat hy meer as 75% van sy omset in die buiteland verdien (waarvan 66% uit Indië), sal van hom 'n aanloklike aandeel op die beurs maak. Daar is ongelukkig 'n wesentlike moontlikheid dat 'n beduidende gedeelte van sy aandele in buitelandse hande kan val wat druk sal uitoefen op die handhawing van Foskor se huidige prysbeleid vir fosfaat, ten gunste van buitelandse markte maar tot nadeel van die beskikbaarheid daarvan vir die plaaslike mark. 15% van Foskor se aandele word reeds deur Indiese kunsmismaatskappye besit terwyl daar in die vooruitsig gestel word dat 26% van sy aandele binnekort in die hande van SEB-vennote geplaas sal word. Dit is dus 'n formaliteit dat 41% van Foskor se aandele selfs voor notering reeds in aandeelhouders se hande gaan wees wat geen belang by die plaaslike landbousektor het nie. Die res van die aandele sal beslis die aandag van

kunsmisverskaffers trek wat Indië se groot aptyt vir kunsmis moet voed. Dit hou ñ wesentlike bedreiging vir die beskikbaarheid, en gevolglik prys, van fosfaat vir die plaaslike kunsmismark in en demp die positiewe vooruitsigte wat tans vir ammoniak bestaan.

5.4. OORSAKE VAN DIE SKERP STYGINGS IN KUNSMISPRYSE

ñ Verskeidenheid globale gebeure het na bewering aanleiding tot die onlangse buitengewone skerp stygings in internasionale kunsmispryse gegee wat ook in plaaslike kunsmispryse weerspieël is. Vraagfaktore het na bewering die pryse opwaarts getrek terwyl aanbodfaktore die pryse opgedruk het. Die vernaamste vraagfaktore wat pryse na bewering opwaarts beïnvloed het was ñ groter vraag na ru-olie en gas, beperkte skeepsvrag, groter aanplantings van gewasse en ook klimaatsomstandighede wat voedseltekorte veroorsaak het. Aan die aanbodkant het geopolitiese omstandighede, veral in Asië, geldmarkte wat die VSA-dollar se waarde laat daal het, inmenging deur die Chinese regering en ñ gebrek aan kapasiteit om die aanbod met die vraag na kunsmis te balanseer, pryse na bewering opwaarts gedruk. Van hierdie faktore het net ru-oliepryse ñ redelik noue verwantskap met die gemiddeld van internasionale kunsmispryse getoon, hoewel dit slegs ñ effek op ammoniakgebaseerde kunsmis behoort te gehad het. Daar was nie een van die faktore wat ñ duidelike verwantskap met plaaslike kunsmispryse getoon het nie.

Met ñ wesentlike selfgeproduseerde komponent in plaaslike kunsmis, behoort plaaslike pryse later en tot ñ mindere mate as internasionale pryse te styg maar ñ vergelyking van pryse het getoon dat plaaslik geproduseerde kunsmisse internasionale prysstygings soms voorafgegaan het, gewoonlik skerper gestyg het en dan langer op hoë vlakke gebly het. Dit dui daarop dat plaaslike kunsmisvervaardigers, tydens die skerp styging in internasionale pryse, van die geleentheid gebruik gemaak het om plaaslike pryse op aansienlik hoër vlakke vas te stel as wat redelik en billik bo hulle kosprys was.

Kunsmispryse toon ñ aansienlik nouer verwantskap met graan- en oliesaadpryse as wat enige van die faktore wat deur kunsmisontleders as oorsake van die skerp stygings in kunsmispryse aangevoer word, getoon het. Graan- en oliesaadpryse opsigself het egter geen fundamentele substansie om kunsmispryse te laat styg nie, tensy dit indirek tot ñ groter vraag na kunsmis lei. ñ Ontleding van internasionale aanplantings en ook die internasionale vraag na en aanbod van kunsmis, het getoon dat die hoër graan- en oliesaadpryse nie aanleiding tot ñ wanbalans tussen die vraag na en aanbod van kunsmis kon gegee het nie. Daar is wel wêreldwyd duidelike regionale verskuiwings van verbruik én produksie. Dit het meegebring dat sommige kunsmisvervaardigers nou op die verkeerde tyd op die verkeerde plek is en hulle winste het as gevolg hiervan onder druk gekom. Vir hierdie vervaardigers was dit dalk gepas om die euforie van voedseltekorte en die spekulatiewe ru-oliepryse te gebruik om kunsmispryse te laat styg.

Daar bestaan nie fundamentele substansie waarom kunsmispryse, internasionaal sowel as plaaslik, gedurende 2008 so skerp moes styg nie.

Internasionale kunsmiskartelle het eerder die euforie van voedseltekorte en die spekulاسie rondom ru-oliepryse gebruik om buitensporig hoë kunsmispryse op Indië en China, die twee grootste kunsmisverbruikers in die wêreld, af te dwing terwyl daardie lande se regerings in omvangryke kunsmissubsidies met hulle eie boere vasgevang was. Dit het onvermydelik daartoe gelei dat verskaffers in ander lande, Suid-Afrika ook, die hoë kunsmispryse van Asië as verskoning gebruik het om hulle eie plaaslike pryse te verhoog.

5.5. DIE VASSTELLING VAN PLAASLIKE KUNSMISPRYSE

Daar was  n kunsmiskartel in Suid-Afrika bedrywig wat volgens die Mededingingskommissie vir etlike jare by pryssamespanning en die onderverdeling van markaandeel betrokke was. Dit het die mark ontnem van die kompeterende prosesse wat afwaartse druk op plaaslike kunsmispryse moes plaas. Denkbeeldige pryse, wat nie noodwendig verband met die werklike kosprys van kunsmis gehou het nie, is waarskynlik gebruik om plaaslike pryse op die hoogs moontlike vlakke vas te stel.

Twee van Suid-Afrika se vier kunsmissoorte word in totaal ingevoer. Hiervan het ureum se plaaslike prys duidelik getoon dat dit invoerpariteit as basis vir prysvasstelling gebruik maar plaaslike potaspryse het  n ander basis vir prysvasstelling gebruik wat tot gevolg gehad het dat plaaslike prys in 2008 aansienlik hoër as die invoerpariteitsprys van hierdie kunsmissoort vasgestel was, juis toe internasionale kunsmispryse ook buitengewoon skerp gestyg het.

Die twee kunsmissoorte wat plaaslik vervaardig word, naamlik ammoniumsulfaat en fosfaat, se plaaslike pryse is deurgans hoër as die ingevoerde pryse van hierdie kunsmissoorte. In die geval van ammoniumsulfaat, was die plaaslike prys die afgelope drie jaar gemiddeld 39% hoër as die invoerpariteitsprys terwyl dit 43% hoër as koopkragpariteit was. In 2008, toe kunsmispryse buitensporig hoog was, was ammoniumsulfaat se plaaslike prys 46% hoër as die invoerpariteitsprys terwyl dit 50% bokant die koopkragpariteitsprys was. Die plaaslike prys van fosfaat was van 2006 tot 2008 gemiddeld 35% hoër as die invoerpariteitsprys terwyl dit 79% meer as koopkragpariteit was. In 2008 was plaaslike fosfaat 39% duurder as ingevoerde fosfaat terwyl die prys 88% meer was as wat die plaaslike geldeenheid se koopkrag weerspieël.

Die hoë bruto marges van Sasol en Foskor dui daarop dat die vervaardigingskoste van plaaslike kunsmis nie so hoog kon wees dat dit die prys van plaaslik vervaardigde kunsmis tot bo die vlakke van invoerpariteit kon druk nie. Hierdie kunsmissoorte se pryse is dus nie op  n realistiese Koste Plus-basis vasgestel nie

Op die onwaarskynlikste basis vir  n plaaslikvervaardigde produk, naamlik invoerpariteit, was die plaaslike pryse van ammoniumsulfaat en fosfaat die afgelope drie jaar onderskeidelik ten minste 39% en 35% duurder as wat billik en regverdig vir plaaslike omstandighede was. Daar was geen fundamentele

redes waarom hierdie plaaslik-vervaardigde kunsmissoorte se pryse skerper en hoër as internasionale pryse moes styg nie.

5.6. DIE IMPAK VAN STYGENDE KUNSMISPRYSE OP PLAASVLAK

Die pryse van kunsmis het op plaasvlak reeds vanaf 2006 na 2007 'n buitengewone styging van 27% getoon en toe weer vanaf 2007 na 2008 met 196% toegeneem. Met 2005 as basis, het kunsmispryse dus met 281% gestyg. Dié uitermatig hoë styging kring noodwendig ook verder na die boer se wins uit terwyl dit as 'n uitgawe die volgende bedreigings inhou:

- Kunsmis is die een enkele produksiemiddel waarvan die prys met uitermatige abnormaliteit gestyg het om binne die bestek van vier jaar tot bykans vier keer meer toe te neem.
- Kunsmis is by verre die grootste enkele direkte uitgawe van akkerbougewasse. Vir die meeste gewasse beloop die koste daarvan tans meer as die helfte van direkte uitgawes terwyl dit in die geval van totale uitgawes bykans een derde in beslag neem.
- Kunsmis is die onbestendigste uitgawe van al die boer se produksiemiddele. Dit is selfs meer onbestendig as brandstof en skep meer onsekerheid as produkpryse of opbrengs. Gevolglik kan die boer verwag dat kunsmiskoste met meer as 50% van een jaar na 'n volgende kan afwyk terwyl produkpryse met minder as 30% behoort te varieer.
- Kunsmispryse korreleer nie positief met produkpryse nie wat beteken dat kunsmiskoste skerp kan toeneem terwyl produkpryse 'n afname toon. Die gevolg is dat die boer nie in staat is om stygings in kunsmiskoste verder af in die waardeketting deur te gee nie.
- Die produksieruimte van gewasse met 'n lae kunsmiskoste is baie beperk en dit bied nie 'n alternatief as die boer gewasse waarvan kunsmiskoste hoog is, wil vermy deur gewasse te produseer waarvan die kunsmiskoste laag is nie.
- Stygings in kunsmispryse bring mee dat die volle koste daarvan direk deur die boer se wins geabsorbeer moet word. In 2008 het die situasie so versleg dat die boer in daardie jaar gemiddeld 3% van sy wins sou moes inboet vir elke 1% wat kunsmispryse verder sou gestyg het.

Die boer is nie in staat om kunsmiskoste verder in die waardeketting deur te gee nie en het ook nie die produksieruimte om die koste te vermy deur alternatiewe gewasse, waarvan die kunsmiskoste laag is, te produseer nie. Gevolglik moet hy stygings in kunsmiskoste uit sy eie wins absorbeer. Die enigste alternatief wat vir die boer oorbly is om eerder sy grond uit produksie te onttrek en dit vir ander kommersiële doeleindes soos behuising of toerisme

aan te wend. Sou hy dit doen, hou die hoë onbestendige vlakke van kunsmispryse dus ñ wesentlike bedreiging vir die volhoubare produksie van akkerbou-gewasse en veevertakkings in en bring dit die land se voedselsekuriteit ernstig in die gedrang.

5.7. MONITERING VAN KUNSMISKWALITEIT

Die persentasie monsters waarvan die element N die toelaatbare tekort in 2008/09 oorskry het is 6% teenoor die 10% van 2007/08. Vir P was dit 10% in 2008/09 teenoor 2% in 2007/08. Wat K betref, is die toelaatbare tekort in 10% van die monsters in 2008/09 oorskry, teenoor 12% in 2007/08. In vergelyking met die vorige seisoen het daar in 2008/09 ñ afname in die persentasie N-bevattende kunsmis, wat die toelaatbare tekort oorskry het, voorgekom. By P het daar ñ toename voorgekom en K het ook ñ klein afname getoon.

6. SLOT

Hoewel die Suid-Afrikaanse kunsmisbedryf veronderstel was om ongereguleerd binne ñ vrye mark te funksioneer, het ñ kunsmiskartel ñ verwringing van kleinhandelpryse op die plaaslike kunsmismark tot gevolg gehad. Die kartel het mettertyd ñ ondeurdringbare skans rondom die beskikbaarheid van grondstowwe gebou en kon sodoende sy eie voorafooreengekome kleinhandelpryse op die plaaslike kunsmismark afdwing. Die ontbloting van ñ kartel binne die strukture van plaaslike kunsmisverskaffing dui daarop dat boere vir langer as ñ dekade aansienlik meer vir hul kunsmis betaal het as wat billik en regverdig vir plaaslike omstandighede was.

Daar bestaan nie fundamentele substansie waarom kunsmispryse, internasionaal sowel as plaaslik, gedurende 2008 so skerp moes styg nie. Internasionale kunsmiskartelle het eerder die euforie van voedseltekorte en die spekulاسie rondom ru-oliepryse gebruik om buitensporig hoë kunsmispryse op Indië en China, die twee grootste kunsmisverbruikers in die wêreld, af te dwing terwyl daardie lande se regerings in omvangryke kunsmissubsidies met hulle eie boere vasgevang was. Dit het onvermydelik daartoe gelei dat verskaffers in ander lande, Suid-Afrika ook, die hoë kunsmispryse van Asië as verskoning gebruik het om hulle eie plaaslike pryse te verhoog.

Die Suid-Afrikaanse boer is nie in staat om kunsmiskoste verder in die waardeketting deur te gee nie en het ook nie die produksieruimte om die koste te vermy deur alternatiewe gewasse, waarvan die kunsmiskoste laag is, te produseer nie. Gevolglik moet hy stygings in kunsmiskoste uit sy eie wins absorbeer. Die enigste alternatiewe wat vir die boer oorbly is om eerder sy grond uit produksie te onttrek en dit vir ander kommersiële doeleindes, soos behuising of toerisme, aan te wend. Sou hy dit doen, hou die hoë onbestendige vlakke van kunsmispryse dus ñ wesentlike bedreiging vir die volhoubare produksie van akkerbougewasse en veeprodukte in en bring dit Suid-Afrika se voedselsekuriteit ernstig in die gedrang.